NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2020

MUSIEK: VRAESTEL I

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 100 punte

Hierdie nasienriglyne is opgestel vir gebruik deur eksaminators en hulpeksaminatore van wie verwag word om almal 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die riglyne konsekwent vertolk en toegepas word by die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen bespreking of korrespondensie oor enige nasienriglyne voer nie. Ons erken dat daar verskillende standpunte oor sommige aangeleenthede van beklemtoning of detail in die riglyne kan wees. Ons erken ook dat daar sonder die voordeel van die bywoning van 'n standaardiseringsvergadering verskillende vertolkings van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.

IEB Copyright © 2020

VRAAG 1

Luister na **Snit 01 (00:38), Snit 02 (00:24), Snit 03 (00:17), Snit 04 (00:53) en Snit 05 (01:42)**.

1.1 Verbind die terme in die tabel hieronder met die ooreenstemmende snit. Gebruik elke letter slegs een keer.

A	AABA	F	Tjommel
B	Riff	G	Stygende twee-en-dertigste-note
C	Pedaalpunt	H	Herhaling
D	Verminderde akkoord	I	Mineurtonaliteit
E	Blues-toonleer	J	Walking bass-lyn

Snit 01	Snit 02	Snit 03	Snit 04	Snit 05
E	D	B	C	A
F	G	J	H	I
(I)	(I)	(H)		
(H)	(H)			

½ punt per korrekte antwoord = 5 (5)

Luister na **Snit 05a (00:31)**.

1.2 1.2.1 Plaas die gegewe intervalle in die volgorde waarin hulle gehoor word.

Rein eenklank	Mineur tweede	Mineur derde	Rein vierde	Rein vyfde (×2)

1. **Rein vyfde**
2. **Rein eenklank**
3. **Mineur derde**
4. **Mineur tweede**
5. **Rein vierde**
6. **Rein vyfde**

½ punt per korrekte antwoord = 3 (3)

IEB Copyright © 2020

1.2.2 Gebruik jou antwoord op Vraag 1.2.1 om die melodie (ritme en toonhoogte) van **Snit 05a** neer te skryf deur op die gegewe noot te begin. Moenie 'n toonsoortteken gebruik nie.



Toonhoogte = 1 (nagesien met deurlopende akkuraatheid van Vraag 1.2.1 af)
Ritme = 1 (2)

Luister na **Snit 06 (00:46)**.

1.3 Vyf eienskappe wat in **Snit 06** voorkom, word gelys. Die lirieke van **Snit 06** word in die tabel hieronder gedruk. Voeg elke eienskap **een keer** in die kolom aan die regterkant in, slegs by die punt waar dit die eerste keer voorkom.

- stadiger
- fluitintrede
- mineurakkoorde
- volmaakte kadens
- snaarakkoorde

My eyes are fully open to my awful situation	**snaarakkoorde**
So I'm writing you a letter to demand an explanation	_____
When the floor wax that we bought from you arrived here Monday morning	_____
We discovered upon usage that the fumes should have a warning	_____
Since the only possibility is that your wax is rancid	**fluitintrede**
I request a full refund of all the money we advanced	**stadiger**
And unless you can convince me you've improved the floor wax batter	**mineurakkoorde**
We will take our business elsewhere so I hope you solve this matter	**volmaakte kadens**

1 punt per korrekte antwoord = 5 (5)
[15]

IEB Copyright © 2020

VRAAG 2

Luister weer na **Snit 02** en **Snit 05**.

2.1 Verduidelik die verskil in dramatiese narratief (hoe die verhaal deur woorde en musiek vertel word) in die genres wat deur Snit 02 en Snit 05 verteenwoordig word.

Snit 02	Opera	**Dialoog as resitatief. Woorde gesing op spraakritmes.**	**Arias kyk terug na vorige gebeurtenisse, lewer kommentaar op gebeure of wei uit oor emosies.**
Snit 05	Musiekspel	**Gesproke dialoog.**	**Liedere help om karakter te vestig en die intrige aan te help.**

Geen punt vir benoeming van genre nie.
1 punt per snit vir verduideliking van dialoog.
1 punt per snit vir verduideliking van lied. (4)

2.2 Identifiseer die handeling wat gedurende **Snit 02** plaasvind en noem twee maniere waarop die komponis die musiek gebruik om die toneel te versterk.

Gevegstoneel tussen Commendatore en Don Giovanni (1)

Gebruik van vinnige, stygende toonlere bewerkstellig vinnige pas van die handeling.

Oktaafspronge kan die swaardafwerings wees.

Verminderde 7de akkoord is die oomblik wanneer die Commendatore gesteek word.

Ander relevante antwoorde kan oorweeg word (2) (3)

Luister na **Snit 07 (01:08)** en **Snit 08 (01:10)**.

2.3 Bespreek twee maniere per snit waarop die komponis die musiekelement gebruik om die karakters van The Artful Dodger en Fagin uit te beeld.

	Snit 07	**Snit 08**
Elemente	**Majeurtonaliteit. 6/8-metrum met 'n lewendige ritme. Volksdansgevoel. Kort, aansteeklike, onvergeetlike melodielyne.**	**Mineurtonaliteit. Swaar "oempa"-baslyn. "Smalende" basklarinet/ tromboonvullers tussen verse.**
Gebruik	**Artful Dodger uitgebeeld as laer klas met "beperkte" intelligensie.**	**Fagin uitgebeeld as 'n smerige, ongure misdadiger.**

½ punt × 2 per snit vir relevante musiekelemente (ander elemente kan aanvaarbaar wees) (2)
1 punt per snit vir bespreking van hoe elemente/lirieke karakters uitbeeld (2) (4)

[11]

VRAAG 3

Luister na **Snit 09 (00:16)**. 'n Partituur van die uittreksel word in **Bylaag A** in die **Hulpbronboekie** aangetref.

3.1 Vul die tabel in om te beskryf hoe Beethoven die orkes gebruik om die effek van 'n geleidelike crescendo in **Snit 09** te skep. Verwys na spesifieke instrumente en maatnommers in jou antwoord.

	Beskrywing
Snaar-instrumente (2 × 0,5 = 1)	**1ste viole en altviole sluit aan (maat 323), 2de viole en altviole (maat 326), kontrabasse (maat 328). Enige twee antwoorde.**
Houtblaas-instrumente (3 × 0,5 = 1,5)	**Fluit (maat 323), klarinet (maat 324), fagot (maat 325), hobo (maat 326), piccolo (maat 327). Enige drie antwoorde.**
Koperblaas-instrumente (2 × 0,5 = 1)	**Begin met 'n solo Franse horing in maat 321. Trompette sluit aan in maat 328.**
Perkussie (1 × 0,5 = 0,5)	**Timpani (pouke) sluit aan in maat 328.**

(4)

Luister na **Snit 10 (00:16)**. 'n Partituur van die uittreksel word in **Bylaag B** in die **Hulpbronboekie** aangetref.

3.2 Die musiek van **Snit 09** word in **Snit 10** herhaal, maar Beethoven verander die instrumente. Identifiseer drie (3) instrumentveranderinge tussen **Snit 09** en **Snit 10**. Verwys na spesifieke instrumente en maatnommers in jou antwoord.

Franse horing-melodie in maat 321 word nou gespeel deur kontrafagot in maat 336 (1)

Houtblaasinstrument-antwoorde nou gespeel deur piccolo, hobo en Franse horing in maat 338 (1)

Vioolparty nou gespeel op fluit in maat 341 (1) (3)

[7]

IEB Copyright © 2020

VRAAG 4

Luister na **Snit 11 (01:25)**, **Snit 12 (01:07)** en **Snit 13 (01:19)**.

4.1 Noem die gespesifiseerde besonderhede oor **Snit 11** en **Snit 13**.

	Snit 11	**Snit 13**
Titel	***Cherokee* (gegee)**	***Koko* (gegee)**
Styl	**Groot orkes-swing**	**Bebop**
Doel	**Dans/Vermaak**	**Aandagtige luister**

1 punt per blokkie = 4 (4)

4.2 4.2.1 Snit 12 (1942) en Snit 13 (1945) is deur dieselfde musikant opgeneem. Verwys na **Snit 12**: noem twee eienskappe wat die invloed **van** Snit 11 **op** Snit 12 toon, en twee eienskappe wat die invloed **van** Snit 12 **op** Snit 13 toon.

Invloed van Snit 11 op Snit 12:
Gebruik oorspronklike melodielyn en harmoniese progressie uit *Cherokee*. Struktuur van oorspronklike steeds duidelik. (2)

Invloed van Snit 12 op Snit 13:
Verhoogde gebruik van improvisasie. Vinniger tempo. (2) (4)

4.2.2 Stel twee redes voor waarom **Snit 12** en **Snit 13** heeltemal verskillend is ten spyte daarvan dat albei op **Snit 11** gebaseer is.

Snit 13 slegs op akkoordprogressie van Snit 11 gebaseer, terwyl Snit 12 akkoordprogressie en melodie gebruik.

Snit 13 is na die opnameverbod opgeneem en dus het aanhaling uit 'n vorige werk beteken dat tantieme aan die komponis betaal moet word.

Snit 12 is voor die opnameverbod opgeneem, dus het Charlie Parker met groter vrymoedigheid die oorspronklike melodie gebruik.
Enige twee antwoorde = 2 (2)

4.3 Transponeer die volgende uittreksel in 'n majeur tweede sodat dit in 'n konsertstemming sal wees wanneer dit deur 'n trompet in B♭ gespeel word.



Toonsoortteken – geen punt
½ punt per unieke noot = 3 (3)
[13]

IEB Copyright © 2020

VRAAG 5

Luister na **Snit 14 (01:14), Snit 15 (01:27)** en **Snit 16 (01:27)**.

5.1 Identifiseer die musiekstyl wat deur elke snit verteenwoordig word. Gee dan twee kenmerke van elke styl wat in die snit gehoor kan word en noem die dekade waarin elke styl ontwikkel het.

	Styl	Kenmerke (×2)	Dekade
Snit 14	**Mbube**	**Gedwonge sang/4-stemmige harmonie/Klem op bassang**	**1930's**
Snit 15	**Mbaqanga**	**Elektriese kitare/Melodiese baskitaar/Tromme beklemtoon backbeat/Solosaksofoon/ Herhalende melodieë**	**1960's**
Snit 16	**SA Jazz/Township Jazz/Sophiatown Jazz**	**Duidelike invloed van Amerikaanse Jazz/Walking bass-lyn/groepe horings en riete (tonge)**	**1950's**

Elke styl = 3
Invloede/Kenmerke 6 × 0,5 = 3
Dekade = 3 (9)

5.2 Noem twee sosiaal-politiese invloede wat aanleiding gegee het tot die musiek wat in **Snit 14** gehoor word.

Gedwonge arbeidsmigrasies van Zoeloemans uit landelike gebiede na stedelike/mynsentrums.
Deur Britse administrasie gedwing om te werk om die belasting te betaal wat opgelê is.
Gedwing om in beknopte omstandighede in manshostelle te woon.
Koorstyl het ontwikkel as 'n manier om te vermaak.
Uitdrukking teen onderdrukking/onderdrukkende wette. (2)

5.3 5.3.1 Noem die akkoordprogressie waarop **Snit 14 tot 16** gebaseer is.

Marabi-progressie (1)

5.3.2 Noteer die akkoordprogressie van **Snit 14 tot 16** in E♭ majeur. Moenie 'n toonsoortteken gebruik nie, maar sluit enige nodige skuiftekens in. Besyfer die akkoorde.



Elke akkoord: ½ punt × 4 = 2
–½ punt vir foutiewe of geen besyfering nie (2)
[14]

VRAAG 6

Luister na **Snit 17 (03:40)** en **Snit 18 (02:57)** wat twee verskillende verwerkings van een van jou voorgeskrewe werke is.

Evalueer krities in 'n opstel in watter mate die verwerkers van **Snit 17** en **Snit 18** die oorspronklike weergawe van die stuk herskep het. Jou evaluering moet op die musiek-elemente in elke verwerking fokus.

MOENIE jou mening oor die gehalte ("goed"/"swak") van die verwerkings gee nie, maar gee in plaas daarvan spesifieke voorbeelde uit die opnames van hoe die verwerkers die oorspronklike werk herskep het.

Sluit benewens jou evaluering die volgende inligting in:
- Die naam van die voorgeskrewe werk en die komponis.
- Die Suid-Afrikaanse stadsmusiekstyl wat deur die voorgeskrewe werk verteenwoordig word.
- Die historiese konteks van die oorspronklike lied.
- Die reaksie van die regering op die oorspronklike lied.

Jou opstel sal nagesien word deur die volgende rubriek te gebruik:

RUBRIEK VIR OPSTEL	
20–16	Kandidaat toon duidelik 'n begrip van die vraag, lewer feitelike bewys en verwys na musiek-elemente soos melodie, metrum, tekstuur, ens. Voldoen aan al die vereistes en verskaf 'n insiggewende vergelyking van die werke met verwysing na beide die algemene kenmerke van die style en die spesifieke eienskappe van die twee snitte.
15,5–10,5	Toon 'n begrip van die vraag, voldoen aan al die vereistes, lewer feitelike bewys en verskaf verwysings na sommige musiekelemente soos melodie, metrum, tekstuur, ens., asook sommige verwysings na beide die algemene kenmerke van die style en die spesifieke eienskappe van die snitte.
10–5,5	Voldoen aan al die vereistes, maar toon slegs 'n gedeeltelike begrip van die vraag en beperkte feitelike bewys. Beperkte verwysing na musiekelemente soos melodie, metrum, tekstuur, ens., met slegs gedeeltelike verwysing na óf die algemene kenmerke van die style óf die spesifieke eienskappe van die snitte. Daar is 'n wanbalans tussen die afdelings van die opstel.
5–0,5	Toon minimale begrip van die vraag, voltooi nie al die vereistes nie en verskaf slegs 'n vae verwysing na die feite of die musiekelemente of geen gebruik daarvan nie. Geen vergelyking word aangebied nie. Daar is geen balans in die opstel nie.

IEB Copyright © 2020

Die memo is getabuleer om nasienwerk te vergemaklik. Die kandidaat se antwoord moet egter in opstelvorm geskryf word.

	Snit 17	**Snit 18**
Voorgeskrewe werk	**Strike Vilikazi (½) – *Meadowlands* (½) Styl – Vokale jive (1) Lied geskryf oor die gedwonge verskuiwings uit Sophiatown na Meadowlands (1) Regering het die lied bevorder (1) omdat hulle nie die ironie en ondermynende boodskap van die lied verstaan het nie (1)**	
Harmonie	Verse en refreine, en die saksofoon-improvisasie volg die I-IV-V-I-progressie van die oorspronklike, maar sonder die Jazzharmonieë. Ander seksies van die lied (inleiding en tussen verse) het 'n ander progressie.	Gebruik die I-IV-V-I progressie van die oorspronklike met bykomende 7des in die meeste akkoorde.
Improvisasie-instrument	Saksofoonimprovisasie.	Trompetimprovisasie.
Ander instrumentasie	Sintetiseerders, tromstel, baskitaar, snaarinstrumente, saksofoon, elektriese kitaar.	Tromstel, orrel, baskitaar, elektriese kitaar, klavier, saksofoon, trompet.
Liriese betekenis	Heeltemal anders as die oorspronklike. Beweer Meadowlands is 'n wonderlike plek om te woon.	Identies aan die oorspronklike. Sluit nie vers in isiZulu in nie.
Metrum	4/4-tydmaat. Enkelvoudige vierslag-maat. Dieselfde as oorspronklike.	6/8-tydmaat. Saamgestelde tweeslagmaat.
Styl	Pop-rock-lied.	Soul. Gospel. Jazzballade.
Tempo	Vinnige tempo soortgelyk aan die oorspronklike.	Stadige tempo.
Stemme	Een hoofsanger met manlike agtergrondsangers wat "Mea-Mea-Meadow" na die refreine sing.	Vroulike hoofsanger. Vroulike agtergrondsangers sing harmonie van 2de vers af.
Maatslag	Sterk, bestendige maatslag.	Klem op 2de maatslag van die maat.
Dinamiek	Deurgaans hard.	Begin sag en word geleidelik harder deur die lied.
Melodie	Gebruik oorspronklike vokale melodie.	Gebruik oorspronklike vokale melodie.
Struktuur	Vers-refrein met vullers tussen verse plus 'n improvisasie.	Vers-refrein plus 'n improvisasie.
Tekstuur	Melodie en begeleiding.	Gereeld polifonies met verskeie lyne wat tegelykertyd speel.
Tonaliteit	Majeur.	Majeur.
	Ander relevante en korrekte antwoorde is aanvaarbaar. Antwoorde moet egter verband hou met die vraag van evalueer hoe die twee verwerkings anders/dieselfde is as die oorspronklike. "Snit 17 het 'n saksofoonimprovisasie en Snit 18 het 'n trompetimprovisasie" is nie 'n aanvaarbare antwoord nie. "Waar die oorspronklike weergawe van *Meadowlands* 'n klavierimprovisasie het, het Snit 17 'n saksofoon-improvisasie en Snit 18 het 'n trompetimprovisasie" sal 1 punt verdien.	
	15 punte vir vergelyking beskikbaar. Kandidate moet 'n gebalanseerde evaluering nastreef. Nie meer as 9 punte vir óf Snit 17 óf Snit 18 beskikbaar nie.	

[20]

VRAAG 7

Verwys na **Bylaag C** in die Hulpbronboekie.

7.1 7.1.1 Dui aan hoe Schubert die volgende elemente gebruik om spanning te skep.

Baslyn: **Styg chromaties. (1)**
Harmonie: **Verminderde 7des is dissonant. Gebruik van Napolitaanse akkoord. (1)**
Tonaliteit: **Begin mineur, word majeur, eindig mineur. (1)**
Vokale melodie: **Gebruik van resitatief aan die einde. (1)** (4)

Luister na **Snit 19 (00:48)** en **Snit 20 (00:28)**.

7.1.2 **Snit 19** en **Snit 20** is die slotvers van *Der Erlkönig* deur twee verskillende komponiste. Vergelyk die **TONALITEIT** en **VOKALE MELODIE** van **Snit 19** en **Snit 20** om te beskryf hoe die komponiste van **Snit 19** en **Snit 20** die woorde getoonset het.

	Elemente
Snit 19	**Tonaliteit – mineur maar met 'n Pikardië-terts op "tod" en heel aan die einde.** **Vokale melodie – Monotoon aan die begin, dramatiese uitswelling, lang noot op "kind" (2)**
Snit 20	**Tonaliteit – majeur** **Vokale lyn – Gebruik van sekwens. Deurgaans konjunkte beweging (2)**

(4)

Verwys na **Bylaag D** in die Hulpbronboekie.

7.2 Noem die musiekvorm van Bylaag D.

Strofies (1)

7.3 7.3.1 Noem en verduidelik die vorm wat vir sy weergawe van *Der Erlkönig* deur Schubert gebruik word.

Deurgekomponeer (1)
Elke vers van die gedig op ander musiek getoonset (1) (2)

7.3.2 Verduidelik waarom die vorm en klavierbegeleiding wat deur Schubert gebruik word beter is om die karakters uit te beeld en die verhaal van die gedig te vertel as dié wat in **Bylaag D** aanwesig is.

Deurgekomponeerde struktuur maak ontwikkeling van die verhaal moontlik in plaas van 'n statiese aanbieding van die woorde. (1)
Deurgekomponeerde struktuur gee Schubert die geleentheid om ander musiek vir elke karakter te skryf. (1)
Dramatiese klavierbegeleiding voeg 'n laag subteks by en versterk die emosies van die gedig op 'n manier wat 'n eenvoudige akkoordbegeleiding nie kan regkry nie. (1)
Ander korrekte antwoorde sal aanvaar word. (3)

IEB Copyright © 2020

7.4 Skryf die melodiese mineurtoonleer, stygend en dalend, wat dieselfde toonsoortteken as **Bylaag D** het. Gebruik kwartnote.



Toonsoortteken = 1
Toonleer stygend = 1
Toonleer dalend = 1 (3)

7.5 Transkribeer die uittreksel hieronder in die ekwivalente enkelvoudige tydmaatteken. Gee die nuwe tydmaatteken.



Tydmaatteken = 1
Maat 1^1 = ½
Maat 1^2 = ½
Maat 2^1 = ½
Maat 2^2 = ½ (3)
[20]

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2020